

21 Augustus - ONSKULDIG

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-26 (NAV)

Fokusgedeelte: Romeine 3:21(NAV)

Die brief aan die Romeine is geskryf met die raamwerk van 'n hofsaak as agtergrond. So vind ons die aanklag in Romeine 1-3:18 waar God self die aanklag lê. Geleentheid ter verdediging word gegee, maar hoofstuk 3:19-20 maak dit duidelik dat niemand iets het om in te bring ter verdediging nie. Almal is skuldig.

Die uitspraak en die vonnis is dus net 'n formaliteit. Ek vind die mens skuldig en vonnis hom tot die dood.

Die woorde van ons fokusgedeelte is daarom eintlik 'n skok. Jy word vrygespreek!

Die twee klein woordjies waarmee ons fokusgedeelte begin, “*maar nou*”, wys op 'n radikale verandering.

Ek word as sondaarmens vrygespreek in en deur Jesus Christus. In en deur Jesus Christus is die beloftes van verlossing bewaarheid. Ek en jy word nou gevonnissen om deur die geloof te lewe.

Elkeen wat glo, word alleen uit genade, op grond van Christus se versoeningswerk, regverdig verklaar. My saak met God is in Christus reggemaak. Ek het die heerlike sekerheid dat ek in en deur die geloof kind van my Hemelse Vader is. In sy hand is ek veilig, want Hy weet wat ek nodig het vir elke dag en sorg dat ek alles ontvang.

Ek word daarom opgeroep om my lewe elke dag so deur te bring dat ek deur alles wat ek is en doen dankie sê vir hierdie genade wat ek reeds ontvang het.

Met hierdie sekerheid kan ek daarom selfs in die donkerste tye met blydskap lewe, want ek weet in Christus het ek 'n Vader wat my deur sy Woord en Gees daardeur sal lei. Hom kan ek vertrou, want Hy doen wat Hy belooft.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds GC Coetzee(Nigel)